

Sing vooraf: Psalm 33:5, 6.

-5- Die HEER se woord is skeppingsmagtig wat lewe uit die dood gebied. Hy spreek - dit staan daar lewenskragtig, Hy roep net en dit het geskied. Nasies en tiranne / smee verniet hul planne in die vlam van haat. Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is en verbreek hul raad.	-6- Die HEER se raad word nooit gekeer nie; dit sal bestaan in ewigheid. Teen sy besluit is geen verweer nie; bestendig duur dit vir altyd. Salig wie tevore / deur Hom is verkore as sy erf en lot; wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is en dié God húl God/
--	---

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 107:1.

-1- Loof God, omdat Hy goed is, en goed is sonder end! Meld dit, al wie behoed is, verlos is uit ellend; wat God uit elke land in vryheid weer herstel het, vry van die slaweband, waarmee hul hom geknel het.
--

Geloofsbelydenis Nicea/Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 119:63.

Wet

Psalm 119:63 HEER, ek is 'n skaap verlore, in die wildernis verdwaal. U, my HEER en Herder, bid ek dat U my tog wil kom haal Soek my, bring my weer, u dienaar wat in al sy harteleed, en in al sy teënhede, u gebooie nie vergeet.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 73:11, 12.

-11- Wie het ek in die hemel, HEER - wie kan ek newens U begeer? Wat het ek waar my hart, onrustig, hom op die aarde in kan verlustig? Beswyk dan ooit in bittersmart of bange nood my vlees en hart, dan sal U wees vir my gemoed my rots, my deel, my ewige goed.	-12- Wie ver van U sy weg wil gaan, stap op 'n donker afgrond aan. U roei hul uit wat U gesmaak het, in troueloosheid U verlaat het. Maar dis my goed, my saalge lot, as ek naby is by my God. Ek het my hoop op God gestel om al sy werke te vertel.
--	---

Skriflesing: Psalm 8.

Teks: Psalm 8:5 (Vergelyk NGB. Art 13)

(8:5) wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? (8:6) U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon. (8:7) U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel: (Psalm 8:4-6 AFR1953)

Daar kom tye in ons lewens wat die lewe regtig baie van 'n mens vra.

- Dit is die tye wanneer spanning, en dan veral moedeloosheid en stres ons beetkry en wil onderkry.
- Dit is in daardie tye wanneer ons baie nugter moet bly.

Ons gee aandag aan die volgende sake:

- 1. Die Here gooi ons nooit weg nie!**
- 2. Die refrein deur die Bybel.**
- 3. Die verlossingsraad van die Here.**

1. Die Here gooi ons nooit weg nie!

Natuurlik moet ons besef dat daar baie dinge is wat die Here oor mense beskik om hulle geloof te beproef.

- Dit is dinge soos: liggaamlike swakheid, siekte en selfs teëspoed soos dat mens afbetaal word by die werk.
- Al hierdie is die dinge wat ons mettertyd probeer verwurg om ons te laat dink dat die son uit ons lewens verdwyn het.

Die Here se Woord leer ons dat ons in daardie tye baie geduldig moet wees, want Hy is elke oomblik met ons.

- Hy gooi ons nie in die lewe in weg en los ons om self te probeer swem totdat ons iewers land sien nie.
- Hy beplan en beheer elke oomblik en elke gebeurtenis wat oor ons kom.
 - As ons oor die dinge in berusting voor die Here buig, skenk Hy aan ons die ewige lewe.
 - Per slot van sake is daar geen mens wat enige seën verdien nie - ons ontvang alle seën slegs uit genade.

Onthou u nog wat die apostel Paulus gesê het? Hy skryf in 2 Korintiërs 4:1 dat God Hom oor ons ontferm het en hierdie bediening aan ons opgedra het. Daarom word ons nie moedeloos nie.

Daarom, aangesien ons hierdie bediening het volgens die barmhartigheid wat ons ontvang het, gee ons nie moed op nie. (2 Korintiërs 4:1 AFR1953)

Selfs ons stryd en swaarkry in ons lewens is deel van God se genade.

- Die Bybel leer ons dat die Here ons met die grootste teerheid versorg.
- Daar kom nie toevallig iets oor ons wat goed of sleg kan wees nie.
- Die Here beskik elke saak.

In elkeen van ons se lewensroeping lê daar moeilike eise voor waar ons sal moet deur, want ons moet net besef dat daar swaar eise aan ons gestel gaan word as ons ons hele lewe in diens van God stel.

- Maar, weet dat God met u daar deur gaan.
- Toe die Israeliete die land Kanaän moes gaan beset, was hulle baie bang, want hulle het geweet dat baie van hulle in die proses doodgemaak sou word. Tog het die Here vir hulle gesê: **Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die HERE jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie.** (Deuteronomium 31:6 AFR1953)

(Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie.) (Deuteronomium 31:6 1983AFR).

Wanneer ons deur sulke swaarkry tye gaan, moet ons net besef dat die Here baie voorspoed en vreugde ook gee.

- Hy gee elke dag vir ons sy beskerming.
- Die Here bewaar jou as ware gelowige in elk geval so dat jy na hierdie lewe in sy koninkryk ingaan.
 - Daar is net vreugde.
 - Dink hier aan Psalm 116:
 - Die digter sing dat bande van die dood hom omring het, en angste van die doderyk het hom getref; hy het benoud en bekommerd geword.
 - Tog sing hy later dat hy nie weet hoe hy die Here vir al sy guns kan dank nie, want hy is 'n verlosde kneg van God.

2. Die refrein deur die Bybel.

Daar is 'n refrein wat deur die Bybel loop - en al die gelowiges het dit deur die eeue gehoor. God sê dit vir ons ook:

Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand. (Jesaja 41:10 AFR1953)

Waar kom die kwaad dan vandaan? Van die duiwel af.

- In hierdie lewe laat die Here nog toe dat die duiwel ons lewens kan omkrap en baie ongemaklikheid bewerk - dink maar net aan alles wat Job oorgekom het.
- Maar in die hiernamaals is dit nie meer moontlik nie, want die Here laat hom selfs nie eers daar toe nie. Ons bely mos in die Nederlandse Geloofsbelydenis Art 13 dat die Here die duiwel en al ons vyande in toom hou, sodat hulle ons sonder sy wil geen skade kan aandoen nie.

Ons leer uit die Bybel dat alles wat gebeur nie per toeval nie, maar uit God se hand ons toekom.

- Ons bely daarby dat ons in enige swaarkrytyd wat oor ons mag kom, geduldig sal wees.

- Dit is nogal merkwaardig dat ons in ons belydenis belowe dat ons alle opstandigheid sal vermy.
- Ons bely ook dat ons vir ons toekoms ons volle vertroue in God stel. Ons vertroue sal so vas wees dat geen skepsel of iets ons van God se liefde sal kan skei nie (Kategismus Sondag 10).

Kom ons kyk na 'n voorbeeld uit die Bybel: Paulus is voor die Joodse Raad waar die mense hom byna letterlik wou verskeur. Die soldate het hom tot sy redding weggeneem en in die kamp by hulle gaan bewaak.

- Stel u vir 'n oomblik in sy posisie: Waar gaan 'n mens nou heen as die vir wie jy moet preek jou so geweldig haat?
- Daardie nag het die Here by Paulus gestaan en vir hom gesê:
En die volgende nag het die Here by hom gestaan en gesê: Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig. (Handelinge 23:11 AFR1953)

(Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen. (Handelinge 23:11 AFR1983)).

Al die lyding wat met hom gebeur het dus 'n doel! Paulus moet Rome toe om daar vir die Here kragtig te gaan getuig.

Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld uit die Bybel: Paulus-hulle was hoe lank al in 'n storm op see vasgevang. Hulle het nie eers meer geweet waar watter rigting is nie.

- In hierdie krisistye openbaar die Here sy verlossende genade aan Paulus. Die volgende dag kon Paulus dit oorvertel:
Maar nou vermaan ek julle om moed te hou, want daar sal hoegenaamd geen verlies van lewe onder julle wees nie, maar alleen van die skip. (Handelinge 27:22 AFR1953)
- Onder die moeilikste omstandighede kon 'n groep mense wat hoofsaaklik heidene was, die boodskap hoor dat die Here gaan hulle verlos.
- Dit is nogal treffend dat hulle op Paulus se geloof in God moes staatmaak en moedhou.
- Luister mooi na Paulus se woorde, dan sal u dit verstaan:
Daarom, hou moed, manne; want ek glo God dat dit so sal wees soos aan my gesê is. (Handelinge 27:25 AFR1953)

Hieruit kom daar 'n baie duidelike boodskap na ons toe:

- Ons moet ons verwaandheid aflê en 'n gesag erken wat hoër en groter is as ons s'n.
- Om te kan moedhou moet ons nie dinge in ons eie krag wil bestuur nie.
- Ons moedeloosheid is dikwels daaraan te danke dat ons die Here sy heerlikheid ontnem omdat ons dink dat ons die lewe kan hanteer.
- Die ellendes wat daaruit na vore kom, laat ons dan in moedeloosheid verval.

Die waarheid is ook dat ons ons somtyds oor heeltomal verkeerde dinge bekommer. Toe Ragel haar tweede kind in die wêreld gebring het, het sy gesterf.

- Die Bybel vertel dat die vroedvrou vir haar gesê het dat sy nie moet bekommerd wees nie, want dit was weer 'n seun wat gebore is! (Genesis 35:17).
- Kyk hoe misplaas kan mens se opmerkings wees. Die vroedvrou is bekommerd of dit 'n seun is of nie, terwyl Ragel besig was om te sterf.
- *As ons ons prioriteite regkry, sal ons somtyds oor baie minder dinge bekommerd wees.*

U moet in die tye wanneer bekommernis op u toeslaan baie bewus wees van God se genade:

- *Die ware gelowiges is die mense wat hulleself in diepe afhanklikheid in die hande van God sien.*

- Dit is ook hulle wat nadergeroep word om in die genade van die Here te deel.

Kom ons kyk weer 'n keer na 'n voorbeeld uit die Bybel: Daar sit 'n blinde man langs die pad en hy smeek die Here om hom genadig te wees.

- Jesus het gaan staan en gesê: "Roep hom nader." Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: **Toe gaan Jesus staan en sê dat hy geroep moes word; en hulle roep die blinde man en sê vir hom: Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou.** (Markus 10:49 AFR1953)
- Die Here het hom toe genees.
- So het daar vir hom uitkoms uit sy donker lewe gekom, sodat hy letterlik God die Verlosser kon sien.

Op 'n ander plek leer die Bybel dat ons nie moet moedeloos word nie. Swaarkry het 'n bepaalde doel in ons lewens: Al is ons uiterlik besig om te vergaan, sê die Here, word ons innerlik van dag tot dag vernuwe (2 Korintiërs 4:16).

Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe. (2 Korintiërs 4:16 AFR1953)

Die Satan het baie beplanning in die mens se kultuur ingebou waarmee hy die mens onder die indruk wil bring dat daar magte buiten God om is wat oor die mens se lot beskik.

- Maar teenoor al hierdie valse opvattinge openbaar die Here Homself baie duidelik. Hy is van ewigheid tot ewigheid toe God.
- In Job 12: 7 - 12 staan geskryf dat die Here alles wat bestaan geskape het, en dat Hy dit nog steeds onderhou. God is so magtig dat Hy vir elke ding afsonderlik sorg.
 - Matteus (6: 26 - 30) voeg nog daarby dat die Here tot vir elke voëltjie sorg. Hulle saai nie, en bou ook nie skure nie, maar tog sorg die Here dat hulle kos kry.
 - Daar staan dat mens ook moet kyk na die lelies van die veld. Hulle werk nie - hulle groei net omdat God elkeen van hulle laat groei.
 - Psalm 104 voeg nog hierby dat selfs elke grassie wat groei, dit doen omdat dit so deur die Here beplan is.

Alle mense wat so 'n groot afhanklikheid aan die Here het, sal ook verstaan hoe swak en verkeerd 'n mens kan wees.

- Dit is waarom die skrywer van Psalm 38:19 sê: Ja, my ongeregtigheid bely ek, **ek is bekommerd oor my sonde.**
- Dit is waar ons bekommernis behoort te lê - ons sondes moet ons kwel, sodat ons ons ongeregtigheid kan bely.

Die aand voor die kruisiging maak die Here die dissipels se visie wakker en moedig hulle aan om nie by hierdie lewe met sy dinge vas te steek nie.

- Hulle moet hulle **visiere stel op die tyd anderkant ons geskiedenis** wanneer die Here die wêreld oorwin het. Daar het ons ook goddelike vrede.(Johannes 16:33).
Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin. (Johannes 16:33 AFR1953)

3. Die verlossingsraad van die Here.

Uit die dinge waarna ons tot nou toe gekyk het, is dit duidelik dat die Here letterlik vir alle dinge sorg.

- As ons dit saamlees met die eerste gedeelte van Efesiërs 1, is dit baie duidelik dat die Here in die tyd voordat die hemel en die aarde geskape is al hierdie raadsplan opgestel het.

- Nou voer die Here daardie raadsplan uit.

U moet altyd onthou dat die Here Jesus se hele lewe, sy lyde, sterwe en opstanding juis die onwankelbaarheid van God se raadsplan oor u lewens bewys het.

- Die koms en werk van die Here Jesus was in die voorsienigheid beloof.
- Toe kom Hy en vervul al die beloftes wat die Here oor baie eeue in die Ou Testament oor Hom beloof het.
- Die voorsienigheid ten opsigte van die Middelaar is dus in Hom bewaarheid.
- Die dinge is belowe en gegee sodat ons kan moedhou en op God vertrou.

Natuurlik is dit nie waar dat ons net blindelings moet moed hou nie. **Ons het ook 'n groot stuk verantwoordelikheid wat ons moet nakom.**

- Ons kry 'n mooi voorbeeld daarvan in Josua 7 en 8.
 - Ai was maar 'n ou klein dorpie, maar hulle het die Israëliete verpletterend verslaan.
 - By nabetraging blyk dit toe dat dit was omdat Agan teen God sonde gedoen het.
 - Nadat Agan met klippe doodgegooi is, het die Here Josua aangesê om Ai weer aan te val.
 - Josua was moedeloos en bang. Die Here het vir Josua gesê:
Daarop sê die HERE vir Josua: Wees nie bevrees of verskrik nie; neem al die weerbare manskappe met jou saam en maak jou klaar, trek op na Ai; kyk, Ek gee die koning van Ai en sy volk en sy stad en sy land in jou hand. (Josua 8:1 AFR1953)
(Moenie bang wees nie, moenie bekommerd wees nie. Neem al die manskappe met jou saam en trek op teen Ai. Ek gee die koning van Ai, sy volk, sy stad, sy land nou aan jou oor (Josua 8:1)).

Kyk wat sê die Here.

- Josua moet sy verantwoordelikheid nakom: hy moet al die manskappe neem en optrek.
- **Die beginsel is dat ons alles moet doen wat ons kan doen wanneer daar iets is wat ons bekommerd maak.**
- Daarna moet ons vertrou dat die Here vir die res sal sorg.

Ons hoef ons nie te skaam as ons bang en moedeloos word nie. Ons moet net nie so daardeur vasgevang word dat ons vassteek en nie meer ons roeping nakom nie.

- Die gevaar is dat moedeloosheid ons kan laat rigting verloor, met die gevolg dat ons hande slap word en ons getuienis vir die Here wegraak.
- Dink daaroor: Die Here Jesus was ook bang.
 - Hy sweet bloed van vrees vir wat voorlê.
 - Tog besluit Hy om in gehoorsaamheid aan God Hom aan haat en skynheiligheid van die mense oor te gee, sodat Hy hulle kan red.
 - U is ook een van die wat gered is.

Daarom mag ons nie toelaat dat moedeloosheid ons iewers van die pad aftrek en parkeer sodat die lewe by u verbygaan nie.

- Ons is geroep om die lewe te leef tot eer van God.
- Ons is geskape met die doel om alles te doen wat die Heilige Gees ons voorsê, sodat ons die lewe verantwoordelik kan bestuur.

Maar u moet onthou dat daar 'n voortgang in die Here se openbaring is. As finale vervulling van die verlossingsraad kom Jesus eendag weer.

- Dan kom Hy op die wolke om hierdie huidige aarde en sy voortgang tot niet te maak.
- Dan oordeel Hy oor die verantwoordelikheid wat elkeen van ons tydens ons aardse lewe aan die dag gelê het.
- Hy oordeel dan oor ons werke en oor ons geloof.

Uiteraard kan ons nie alles deursien nie, en sal daar dinge wees wat ons in 'n hoekie gaan vasverf, maar juis die feit dat ons verlose kinders van God is, moet die veggees in ons wakkermaak om nie die kleur van ons verlossing met ons moedeloosheid dood te vee nie. Onthou ons leef in die Goddelike krag van Jesus Christus.

Die wat dan met die hoogste verantwoordelikheid geglo het in die verlossing wat God beskik het in sy Middelaarskap, hulle gaan woon op die nuwe aarde in die ewige teenwoordigheid van God die Almagtige.

Amen.

Slotgebed.

Skrifberyming 1-1 (24)

-1-
 Geseënd sy bo alle dinge
 die ewige God en Vader! Hy
 het in die hemel seëninge
 vir ons in Christus toeberei.
 Na die besluit, uit Hom gebore
 en ewig in sy wese vas,
 het Hy in Christus ons verkore
 voordat daar tyd of wêreld was.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

*Dr. M.J. du Plessis
 Gereformeerde Kerk Bellville
 Datum: 13 Mei 2007 (oggend)*